**Woensdag 11 Maart**
**Skrifgedeelte: 2 Samuel 7:1-17**
**Fokusgedeelte: 2 Samuel 7:1-17**
**God se visie**

Ons menslike visie is so klein, so beperk. Ons wil besittings bymekaar maak, huise bou, kerkgeboue oprig, asof hierdie lewe die eindpunt van alles is. Dawid se probleem was: "Ek woon in ’n huis wat met sederhout versier is, maar die ark van God staan in ’n tent" (vs 2). God is nie ’n minderwaardige God nie, daarom moes Hy ’n permanente verblyfplek kry.

Wat antwoord die Here vir Dawid? Nee Dawid, nie jy gaan vir My ’n huis bou nie. Die omgekeerde gaan gebeur: Ek gaan vir jou ’n huis bou, nie ’n gewone huis nie, maar ’n koningshuis: *“Jou koningshuis sal vir altyd vasstaan; jou troon sal altyd voortbestaan”* (vs 16). Dis duidelik, God se bouprogram verskil van dié van Dawid. Dawid wil hier ’n huis vir die Here bou. Maar die Here laat Dawid verstaan: Moet my nie inmessel in ’n gebou, tussen vier mure nie. Soos wat Ek met my volk was tydens hulle omswerwinge deur die woestyn en soos wat Ek jou agter die skape weggeroep het en koning oor my volk gemaak het, so wil Ek elke dag by my uitverkore erfdeel wees, totdat uit jou koningshuis die Verlosser en Saligmaker, Jesus Christus, gebore sal word. Moenie jy vir My ’n huis bou nie, Dawid. Dis tydelik. Ek sal vir jou ’n huis bou wat tot in ewigheid sal bestaan, ’n huis wat geruisloos sal “opgroei” en waarvan Jesus Christus self die hoeksteen sal wees.

As ons terugkyk in ons eie volksgeskiedenis, dan was ons God nie ’n God wat ver verwyderd van ons was nie. Hy was God met ons. Bloedrivier se gebeure spel dit uit. Ons kan ’n huis vir God bou, selfs ook by Bloedrivier, maar God is die oprigter en boumeester van ’n ander huis, die ewige koninkryk van die hemele waar Hy met sy erfdeel sal wees tot in alle ewigheid. God se visie is groter, oneindig groter!

*Sing: Psalm 89-1:2*
*Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)*